**Dinsdag 23 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17; HK Sondag 7, Vraag 22**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:15**

## Glo alles wat in die evangelie beloof word

Die inhoud van die Christen se geloof is "alles wat in die evangelie aan ons beloof word". Met *evangelie* word hier bedoel die hele Woord van God (HK, Antw. 19), maar dan in die besonder dit wat God in sy Woord sê oor die koms en optrede van Jesus Christus. Dit is wat ons moet glo (Joh. 20:30, 31).

Die probleme in hierdie deel van die belydenis raak spesifiek die woord "alles". Die Rooms-Katolieke Kerk verwerp die woord "alles" van ons belydenis. Hulle sê wel net soos ons dat die Bybel die bron van kennis is wat tot saligheid lei, maar dit is nie die enigste bron nie. Die apokriewe boeke, die tradisie en die afkondiging van nuwe leerstellings deur die pous is ook bronne van kennis tot saligheid. Daarmee word die genoegsaamheid van die Skrif aangetas en die weg vir verdere onbybelse leerstellings gebaan. Daar is ook mense wat sê dat hulle nie "alles" wat in die Bybel staan as Woord van God aanvaar nie. Slegs sekere dele is vir hulle aanvaarbaar. Op dié wyse word die gesag van die Bybel in gedrang gebring, want dit beteken dat die mens bepaal wat die Woord van God is, en nie God nie. Die "alles" word ook verwerp deur die mense wat sê dat die Bybel in mitologiese taal geskryf is en daarvan losgemaak moet word om vir die moderne mens aanvaarbaar te wees. In die proses word alles wat nie logies verklaar kan word nie, soos die wonders en die opstanding uit die dood, verwerp of figuurlik verstaan. In die praktyk beteken dit dat die Bybel as evangelie verwerp word en dat die "alles" van ons belydenis met "niks" vervang word. Die "alles" wys op nog 'n probleem. Die kerk moet in die lig van Handelinge 20:27 toesien dat "die hele raad van God" (1953-vertaling) of "die heilsplan van God in sy volle omvang" (1983-vertaling) verkondig en uitgeleef word. Dit gebeur egter nie altyd na behore nie. So is daar in die verlede gekla dat daar te min op die Heilige Gees en naasteliefde gefokus word. Dit kan lei tot leemtes en selfs tot skeurings. Daarom moet met erns daarteen gewaak word. Ook in ons persoonlike Bybellees en Bybelstudie moet die "alles" in gedagte gehou word. Sommige Christene is geneig om oor en oor altyd dieselfde gedeeltes in die Bybel te lees en te bestudeer. Dan verkry 'n mens maklik 'n eensydige en gebrekkige kennis van die Woord. Daarom moet ons daadwerklik probeer om kennis van die Bybel as geheel te verkry. So 'n kennis lei ons tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus (2 Tim. 3:15).